

# Gesinne in Harmonie

**Volume 17, Augustus 2012**
**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**



***Liewe Ouers,***

Die winter is amper verby as mens die winkels moet glo, want hulle pak al somersklere uit.

Ons draai nog soggens serpe om, trek lae en lae klere bo-oor mekaar aan en die winkels verkoop al die somer se nuutste swemdrag!

Tog eienaardig hoe die media en die winkels 'n mens se gedagtes kan vul met allerhande soorte foefies.

Ek sien vanoggend 'n storie in die koerant van hoe iemand 'n passasiersbus wat op 'n sperstreep by twee vragmotors verbygaan, afgeneem het en die busbestuurder nou in die moeilikheid is.

Nou wonder ek: Die ou wat die foto geneem het, het dit sekerlik met sy selfoon se kamera geneem terwyl hy bestuur - is dit nie ook teen die wet nie? Moet hy nie ook dan in die moeilikheid wees nie?

**Dubbele standaarde** is deesdae aan die orde van die dag en iets wat mense nie eens meer agterkom nie. Ons praat een ding sleg, 'n ander goed, afhangende van vir wie ons kwaad is of wie ons te na gekom het.

Pleks dat ons die balk in ons eie oog soek…

Dit word al moeiliker om daagliks onder ons omstandighede te werk, want ons word as Christene gekonfronteer met die keuses vir of teen ons gewete.

**Draai ek die ander wang of staan ek op vir wat reg is?**

**Is daar nog iets soos 'n gewete?** Of het dit ook afgestomp geraak met die verandering van morele en etiese kodes in ons samelewing?

En wanneer maak ek van myself 'n deurmat en laat toe dat ander my vertrap?

Voordat jy dink dat ek die antwoorde hierop het, wil ek jou verseker dat dit een van die moeilikste kwessies vir enige Christen is.

Deur altyd eties op te tree, maak jy jouself ongewild. Mense dink jy is mal, want jy staan uit soos 'n regte seer vinger.

En om altyd reg op te tree, is moeilik, want wat is reg? **Is daar 'n 'reg' in alle situasies of moet ek aanpas by 'n spesifieke situasie?**

Jy kan selfs oor die hoof gesien word vir bevordering, want jy 'dink met jou hart', jy is 'nie strategies genoeg nie'; jy 'neem dinge persoonlik op'.

Hoe dra ek my Christenskap grasieus sonder om ander te na te kom? Want dit is mos iets waaroor ons die meeste van die tyd bekommerd is - dat ons ander te na sal kom.

Ek probeer my kind leer wat verantwoordelikheid is, **maar** ek laat hom toe om vir elke gril en geit uit die skool uit te bly.

Ek vertel die kinders heeltyd hoe belangrik dit is om respek vir ouer mense te hê, **maar** ek gil en skree op hulle, op my man, of praat sleg van die onderwysers of my kollegas.

Ek wil hê hulle moet eendag verantwoordelike grootmense wees met standvastige huise, **maar** na Saterdag se rugby en al die werk van die week, is ek stokflou en is dit makliker om tuis te bly om te rus, as om kerk toe te gaan en hulle saam te vat.

As daar 'n uitnodiging van die predikant is om diensbaar te wees, maak ons of ons nie hoor nie, **want** ons het besige skedules en die week is reeds so vol…

Wat is my taak as Christen-ouer, as Christen-kollega en as Christen-lidmaat? Hoe handhaaf ek my in verskillende situasies?

***Saam in Sy diens,***

***Lita***

## *Notas vir die yskas*

**Kleuterkerk en Junior Kategese**

08:50—10:15 in Kerksaal

- 5 Augustus - gewone klas
- 12 Augustus - Langnaweek, geen klas
- 19 Augustus - gewone klas
- 26 Augustus - Gesinne in Harmonie Diens; Kinders gee Bybelbussies in; Spesiale doopdiens
- 8 September - Moot Karnaval te Adelaars
- 9 September - gewone klas
- 16 September - Werkswinkel en afsluiting van kwartaal; Uitstalling van kleingroepe se r12-projekte

**Let wel:**

Ons doen ook die 40-dae reeks met die kinders en het dus 'n reeks van 6 lesse wat 'n geheel vorm

## *Manne-Oase*

Hou die Rietnuus Sondae dop vir aankondigings - daar word een maal 'n kwartaal 'n samekoms spesiaal vir ons manne gereël.

Kontak Pieter Malan (details op die agterblad)


**Moot Care Sentrum**

**Louwna Bouwer**

**Telefoonnommer:**

**3300632 of 071 480 1178**

**Epos: mootcare@vodamail.co.za**



***Onthou die Moot-Karnaval!***
***Saterdag,***
***8 September 2012***
***by Adelaars rugbygronde***




# Gesinne in Harmonie

**Volume 17, Augustus 2012**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**




## *Ek is nie Paulus of Petrus nie*

Beide Paulus en Petrus staan bekend as stryders vir Christus en word onder die 'grootstes' geken.

Maar Paulus, hoewel hy 'n geestelike in die sinagoge was en die Skrif uit sy kop uit geken het, moes eers blind word voor hy God kon sien en waarlik kon leer ken.

En Petrus? Hy het Christus drie maal verloën voor ander. Eers daarna het sy berou en ware bekering gekom - selfs nadat hy vir drie jaar lank dag en nag saam met Christus geleef het.

En toe stry die twee nog onder mekaar oor die besnydenis!

Ja, onmin is iets wat selfs onder die 'grootstes' in die vroeë kerk voorgekom het en vandag nog in ons kerke bestaan. Samehorigheid en eenheid onder mekaar is so belangrik - nie net in ons kerke nie, maar ook in ons huisgesinne.

Om as ouers saam te stem oor dissipline, oor verantwoordelikhede, oor klein dingetjies soos wie vir wat in die huis betaal of selfs wie die kinders skool toe vat en wie die toebroodjies inpak, is van kardinale belang.

Selfs eenvoudige dinge soos die toebroodjies inpak moet aangepak word met samehorigheid as doel. Dit klink nou simpel dat mens selfs oor sulke dinge moet saamstem, maar om stabiliteit vir jou kinders en emosionele sekerheid te skep, is selfs die kleinste dingetjies van belang!

Jy mag dalk nie so voortvarend wees soos Petrus nie of so 'n ongelooflike deursettingsvermoë soos Paulus hê nie, maar jy kan in die kleinste dingetjies getrou wees en sorg vir vrede en samehorigheid in jou huis.

God kan jou gebruik om 'n fantastiese en beroemde sendeling te word, maar dalk is Sy plan nie dat jy kerke moet stig en duisende mense tot bekering te lei nie. Dalk is sy plan dat jy 'n Christus-gees in jou huishouding moet skep sodat jou kinders en jou man/vrou emosionele sekuriteit moet beleef in hierdie tye van onsekerheid oor politiek, finansies, ens.

> **Laat die Jesus in my die Jesus in jou dien.**
> **Moeder Theresa**

Dalk wil God vir jou sê om jou oë net op Hom gerig te hou en die rowwe diep see om jou te vergeet, sodat jy ook op water kan loop soos Petrus. Solank hy sy oë op Jesus gehou het, het hy die onmoontlike reggekry, maar toe hy afkyk en rondom hom kyk na sy onmiddellike probleme, toe begin hy sink.

Maar wat doen God? Soos met Petrus, steek Hy Sy hand uit en help jou - jy moet joune uitsteek en Syne vasgryp.

**So eenvoudig is dit.**

**En tog so moeilik,** want ons bly aanhou om in die dinge rondom ons vas te kyk in plaas daarvan op te kyk.

## *Geloofsoortuiging en dubbele standaarde is nie pasmaats nie*

Dwarsdeur die Bybel lees ons van verskillende geloofshelde wat op verskillende maniere 'n impak op die lewens van mense rondom hulle gehad het.

Net so ook in die wêreldgeskiedenis vind jy stories oor geloofshelde soos Augustinus, Konstantyn die Grote, John Bunyan (wat *Die Pelgrim se Reis* geskryf het), Florence Nightingale, Corrie ten Boom en Andrew Murray.

Een ding wat jy nie in hierdie mense se stories vind nie, is dubbele standaarde. Al hierdie geloofshelde het, vandat hulle tot bekering gekom het, 'n duidelike Ja-is-Ja-en-Nee-is-Nee lewe geleef. Daar was by hulle geen onduidelikheid oor wie hulle gedien het en hoe hulle dit moes doen nie.

Dit klink vir ons soms baie ongewoon en selfs onmoontlik dat mense so seker kan wees van hul oortuigings. Maar dit is tog wat die woord oortuiging beteken - dat jy doodseker is van 'n saak.

Wat is ons oortuigings ten opsigte van ons Christenskap, ons gemeente, ons eie lewens? Wat is ons oortuigings ten opsigte van spesifiek ons gesinslewens en die opvoeding van ons kinders?

In die week is ek in 'n geselskap waar daar oor gereëlde huwelike gepraat word - julle sal verbaas wees hoeveel sulke huweliksgebruike nog bestaan! En almal in die geselskap was dit eens: Hulle weet nie van sulke huwelike wat nie uitgewerk het nie.

Nou ja, dis 'n handjievol mense se opinie en hul standpunte is gegrond op beperkte kennis, maar dit het my laat dink. Mense wat in sulke huwelike ingedwing word, het dikwels geen ander keuse as om daarmee aan te gaan nie. Daar is nie 'n opsie van egskeiding nie; dus moet hulle die beste daarvan maak.

Ons interpretasie van Christelike vryheid en die feit dat God ons 'n gesonde verstand gegee het om keuses mee te maak, is dalk die oorsaak van baie van ons hedendaagse probleme. Ons sê dat ons Christene is, maar ons leef dikwels nie so nie en heg ons eie betekenisse aan dinge om ons keuses te regverdig.

Konstantyn het die dwalinge van sy tydgenote 'spinnerakke van onenigheid' genoem en omdat hy graag eenheid van gees onder die Christene wou hê, het hy 'n kerkvergadering in Nicea gereël waaruit die Geloofsbelydenis van Nicea in 325 nC voortgespruit het - '...een Heer...die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye...God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader.




# Gesinne in Harmonie

**Volume 17, Augustus 2012**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**




***,,,vervolg van bladsy 2 - Geloofsoortuiging en dubbele standaarde is nie pasmaats nie***

Is jou Ja en jou Nee nog twee duidelike afsonderlike begrippe? Of het jou geloofsoortuiginge vaag begin raak, sodat dit weer tyd is om dit te hersien?

Dis nie 'n skande om soms te twyfel en met besluite te stoei nie. Selfs die 'grootstes' onder ons geloofshelde en -vaders het oomblikke van vertwyfeling gehad. En as jy nie soms twyfel nie, beteken dit dat jy nie op 'n pad van groei is nie. Want dit skep die geleentheid vir jou om weer dieper te delf en seker te maak van jou eie oortuigings.

Dit skep ook die geleentheid vir jou om dinge vir jou kinders te verduidelik - omdat jy reeds daarvan seker gemaak het, kan jy dit dan ook verduidelik.

Onthou dat jou kinders se geloofslewe afhang van dit wat hulle by jou sien. Jou voorbeeld van vergifnis en volharding, van gebed en die uitleef van jou oortuigings, is dikwels die enigste voorbeeld wat hulle het.

Om 'n ouer te wees is nie maklik nie, maar juis daarom is dit van kardinale belang dat ons as ouers daagliks daarna moet oplet dat ons ons geloofsoortuigings uitleef op 'n manier wat leiding aan ons kinders gee.

Sommige besluite is baie moeilik om te neem, veral as 'n mens vra; **Wat wil God hê moet ek doen?** Hier is 'n paar vrae om jouself af te vra wanneer jy onseker is:

- Is dit waaroor ek moet besluit goed en opbouend?
- Is dit tot eer van God?
- Sal dit ander laat struikel of aanstoot gee?
- Volg ek Jesus se voorbeeld hierin?
- Het ek vrede in my hart of bly ek twyfel?
- Wat sê my gewete? (1 Timoteus 1:18-19)

Laat jou Ja jou ja bly en jou Nee jou nee. **Maar** oor sake wat ewigheidswaarde het, nie as dit net tot jou eie voordeel is nie. Dit skep standvastigheid in jou huis en emosionele stabiliteit vir almal daarin. Kinders moet grense hê wat hulle veilig laat voel. Dis nie 'n waarborg dat hulle dit nooit gaan toets nie...onthou hulle moet nog hul eie menings oor die lewe vorm.

Maar jy is daar om aan hulle rigting te gee soos wat Christus aan ons rigting gee.

*Ons Huisreëls:*

1. **Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word**
2. **Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself**
3. **Luister as iemand anders praat**
4. **Pas alle eiendom op**
5. **Tree altyd toepaslik op**

**-Anoniem -**

***Ek het besluit om my by liefde te hou; ek vind haat 'n te groot las om te dra.***

***Martin Luther King, Jnr***

***Carpe Diem! Seize the day, boys. Make your lives extraordinary!***
***Mr Keating in Dead Poet Society***

***To become a man...***

Do you know the legend of the Cherokee Indian youth's rite of Passage? His father takes him into the forest, blindfolds him and leaves him alone. He is required to sit on a stump the whole night and not remove the blindfold until the rays of the morning sun shine through it. He cannot cry out for help to anyone. Once he survives the night, he is a MAN.




He cannot tell the other boys of this experience, because each lad must come into manhood on his own.

The boy is naturally terrified. He can hear all kinds of noises. Wild beasts must surely be all around him. The wind blew the grass and earth, and shook his stump, but he sat stoically, never removing the blindfold. It would be the only way he could become a man!

Finally, after a horrific night the sun appeared and he removed his blindfold. It was then that he discovered his father sitting on the stump next to him. He had been at watch the entire night, protecting his son from harm. We, too, are never alone. Even when we don't know it, God is watching over us, sitting on the stump beside us. When trouble comes, all we have to do is reach out to Him. **Just because you can't see God, doesn't mean He is not there. "For we walk by faith, not by sight."**



# Gesinne in Harmonie

**Volume 17, Augustus 2012**
**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**





### *Boekwurms*

Jy is wat jy lees!

Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

### *Fliekvlooie*



Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:

http://www.kids-in-mind.com/

### Bediening vir Diens

**Kontak ons gerus!**

---------------------

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

## *The Charles Schultz Philosophy*



The following is the philosophy of Charles Schultz, the creator of the "Peanuts" comic strip.

1. Name the five wealthiest people in the world.
2. Name the last five Heisman trophy winners.
3. Name the last five winners of the Miss America Contest.
4. Name ten people who have won the Nobel or Pulitzer Prize.
5. Name the last half dozen Academy Award winners for best actor and actress.
6. Name the last decade's worth of World Series winners.

How did you do? The point is, none of us remember the headliners of yesterday. They are not second-rate achievers. They are the best in their fields. But the applause dies. Awards tarnish. Achievements are forgotten. Accolades and certificates are buried with their owners.

Now try this:

1. List a few teachers who aided your journey through school.
2. Name three friends who have helped you through a difficult time.
3. Name five people who have taught you something worthwhile.
4. Think of a few people who have made you feel appreciated and special.
5. Think of five people you enjoy spending time with.

Easier?

The lesson: The people who make a difference in your life are NOT the ones with the most credentials, the most money, or the most awards. They are the ones who care.

"Don't worry about the world coming to an end today. It's already tomorrow in Australia." (Charles Schultz)

**Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder**

**Die Koffiepot vir Volume 1-3 van Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!**

**Bediening vir Diens**
**Peet Dorfling**
**Telefoonnommer:**
**084 464 7102**
**Epos:**
peet@productivitysa.co.za

**Taakspan vir Gesinne**
**Basson Geldenhuys**
**Telefoonnommer:**
**071 6488 656**
**Epos:**
basson.geldenhuys@dpw.gov.za

**Taakspan vir Vroue**
**Brenda Barnard**
**Telefoonnommer:**
**082 453 8421**
**Epos:**
brendabarnard@gmail.com

**Taakspan vir Senior Lidmate**
**Ds Dirk van Zyl**
**Telefoonnommer:**
**084 038 8993**
**Epos:**
caddvanzyl@absamail.co.za

**Taakspan vir Jeug**
**DJ Muller**
**Telefoonnommer:**
**083 420 2217**
**Epos:**
djennadia@gmail.com

**Taakspan vir Kinders**
**Lita Spreeth (Red.)**
**Telefoonnommer:**
**082 453 8421**
**Epos:**
lspreeth@sars.gov.za

**Manne Oase**
**Pieter Malan**
**Telefoonnommer:**
**082 444 1112**
**Epos:**
phmalan@gmail.com